Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 14 April 1948 No. 20

# Adv. John Vorster Op Frankfort

**Adv. John Vorster, wie se kandidatuur op Brankpan deur die H.N.P.-leiding geveto is, sal op Woensdagaand, 5 Mei, die hoofspreker wees op 'n groot O.B.-saamtrek in die stadsaal op Frankfort.**

Hierdie funksie sal die hoogtepunt wees van die reorganisasie in die Noordoos-Vrystaat, generaalskap C8, onder leiding van die flukse, pasaangestelde generaal Piet Badenhorst van Harrismith. Re-organisasiewerk is reeds gedoen in die distrikte Frankfort, Tweeling, Petrus Steyn, Reitz, Warden en Harrismith, waar die pasaangestelde offisiere hard besig is om ledegelde in te vorder en ou Brandwagte op te spoor.



Genl. P. Badenhorst

**PARADE**

Op 5 Mei sal, sover moontlik, alle offisiere van C8 op Frankfort teenwoordig wees waar dan 'n groot instellingsparade gehou sal word. Hierdie instellingsplegtigheid sal deur hfgenl. J. L. Uys van Vrede waargeneem word, en gehoop word dat oudgenl. Koos Odendaal, vroeër van Vrede, ook teenwoordig sal wees.

Hfkomdt. Frikkie Dreyer van Frankfort en sy offisiere is fluks besig om voorbereidings te tref om van hierdie funksie 'n groot sukses te maak. Algemeen word verwag dat groot getalle belangstellendes, selfs uit omliggende distrikte, sal opkom om die ware feite i.v.m. Brakpan uit genl. John Vorster se mond te hoor. Die funksie begin reeds vroeg die middag met die verkoop van allerlei artikels en eetware. — (Korr.).

## IMMIGRANT SKULDIG BEVIND

Nog 'n immigrant wat gedink het dat Suid-Afrika 'n lekkermansland is, is verlede week in Johannesburg skuldig bevind aan diefstal.

„Jy is skynbaar een van diegene wat dink dat Suid-Afrika 'n lusoord is vir diewe," het magistraat H. J. Johannes verklaar toe hy die immigrant, Graham Brown, verhoor het. Brown is reeds 15 maande in Suid-Afrika. Hy is gewaarsku dat Suid-Afrika diefstal as 'n ernstige misdaad beskou. Volgens die getuienis het Brown, wat 'n bestuurder is van 'n bioskoop, in gebreke gebly om die toegangsgeld wat hy ontvang het, in te betaal. Daarna het hy nie by sy werk opgedaag nie.

Hy is gevonnis tot drie maande tronkstraf wat twee jaar lank opgeskort is op voorwaarde dat hy die gesteelde geld terugbetaal.

# VRYSTAATSE O.B.'s AAN DIE BRAND

**Die kommando's van Harrismith het die mooi bedrag van £85 in die kas van Gebied C gestort. Tans is hulle al weer hard besig om, onder leiding van hfkomdt. Samie Muller, voorbereidings te tref vir 'n groot funksie op 24 April e.k.**

**By hierdie geleentheid sal hfgenl. J. L. Uys van Vrede die hoofspreker wees.**

**Genl. Piet Badenhorst en hfkomdt. Vale Ferreira is besig om hul organisasie-toer deur C8 te voltooi.**

**Op Maandag, 3 Mei, spreek hulle 'n vergadering toe op Memel om 10-uur vm., en op Vrede om 7-uur nm. Dinsdag, 4 Mei, besoek hulle Cornelia om 10-uur vm. en Villiers om 7 nm. Op Woensdag, 5 Mei, sluit hulle af op Frankfort by geleentheid van die groot O.B.-funksie aldaar, wanneer alle nuwe offisiere plegtig deur hfgenl. J. L. Uys van Vrede ingestel sal word. — (Korr.).**

## Britte Vir S.A. Leër

**Die regering is tans besig om die sleutelposisies in die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag te vul met immigrante uit Brittanje. Die eerste 25 van hierdie Britte, en hulle is die voorlopers van sowat 400, het die afgelope week in Kaapstad aangekom. Hul reisgeld na Suid-Afrika is deur die regering betaal.**

Hierdie eerste groep immigrante vir die verdedigingsmag is met hul aankoms deur offisiere welkom geheet. Hulle word nie gewone manskappe nie, maar sal tegniese en sleutelposisies beklee.

# WAARSKUWING TEEN WIG TUSSEN O.B. EN. A.P.

**„Ek wil offisiere en brandwagte waarsku teen onjuiste en onwaardige propagandaverhale wat o.a. deur H.N.P.-kandidate in die Westelike Provinsie ten aansien van mnr. N. C. Havenga en die Afrikanerparty onder lede van die O.B. versprei word," lui 'n verklaring van genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier in Kaapland.**

Dit blyk dat sommige H.N.P.-kandidate die gevolge vrees van hul partyleiding se weiering om adv. John Vorster te aanvaar en te steun as A.P.-kandidaat op Brakpan. Die besef dring tot hierdie kandidate deur dat O.B.-lede met hulle gaan handel, net soos die H.N.P.-leiding met John Vorster gehandel het.

In 'n poging om nogtans die stemme van O.B.-lede te verkry, vertel hulle nou dat dr. Malan en die H.N.P.-leiding niks te make het met die terugtrekking van Vorster as A.P.-kandidaat in Brakpan nie. „Volgens dr. Malan — en ek glo hom — rus die onus op mnr. Havenga", het een H.N.P.-kandidaat aan 'n O.B.-offisier gesê.

**VERVREEMDING**

**Ek bring hierdie propaganda onder O.B.-lede se aandag omdat hierdeur, doelbewus of andersins, op onwaardige wyse gepoog word om vervreemding tussen die O.B. en A.P. teweeg te bring. Om stemme te verhaal wat hul leiers wegja, skroom H.N.P.-kandidate blykbaar nie om hul bondgenootparty onder ernstige verdenking te plaas nie.**

Ek wil O.B.-lede vra om nie toe te laat dat kandidate-stories die vriendskaplike verhoudings tussen die O.B. en die A.P. versteur nie. **Daar is geen rede om aan mnr. Havenga en die Afrikanerparty se goeie trou teenoor die O.B. te twyfel nie: daar is ewe-eens geen rede om te twyfel aan die kwaaie trou van dr. Malan en die H.N.P. teenoor die O.B. nie.**

**DIE FEITE**

Ons het die feit uit adv. Vorster se eie mond dat sy naam tweemaal deur mnr. Havenga as kandidaat aan die H.N.P.-leiding voorgelê is, maar dat laasgenoemde in albei gevalle geweier het om sy goedkeuring daaraan te heg. Mnr. Havenga het toe, omdat hy adv. Vorster se kandidatuur nie 'n punt van skeuring wou maak nie, van Brakpan afgesien as 'n A.P.-setel — soos blyk uit die jongste aankondiging in die pers.

**HELDER**

**Die hele posisie word tewens glashelder uitgewys deur die onderskeie openbare standpunte van die twee partyleiers. Waar mnr. Havenga en sy partykongres die uitdruklike versekering gegee het dat O.B.-lede met volle behoud van identiteit welkom is, het dr. Malan persoonlik in sy kongres op De Aar voorgestel dat geen kandidaat „wat deur die Party ondersteun word" 'n lid van die O.B. mag wees nie — 'n besluit wat die kongres eenparig aangeneem het.**

**SKAAM**

Dit kan in billikheid van H.N.P.-kandidate verwag word om nie skaam te wees vir hul party se beleid en hul kongres se besluit ten aansien van die O.B. nie. **As hulle kandidate wil wees van 'n party wat vyandskap teen die O.B. 'n partybeleid maak, dan verwag gewone mense van hulle om sodanige vyandskap uiterlik te erken en om dit minstens nie op hul bondgenoot, mnr. Havenga en sy party, te probeer afskuif nie.**

## Beaufort-Wes Vier Fees

Vryheidsdag is op Beaufort-Wes op 27 Februarie deur die mans en vroue kommando's gevier.

Versversings is die middag verkoop en die aandverrigtinge is geopen met 'n welkomswoord deur kommandant S. J. Krynauw.

Na skriflesing en gebed deur veldkornet P. F. de Vos, is die hoofspreker, mnr. Bennie van der Merwe van Thornhill, deur die voorsitter, wagkaptein D. de Vos voorgestel.

Mnr. Van der Merwe het gepleit dat ons alles wat Afrikaans is moet ondersteun.

Na die gelofte deur wagkaptein D. de Vos gelees is, is die Vryheidsvuur aangesteek deur veldkornet P. F. de Vos en 'n geslaagde funksie afgesluit.

Die opbrengs van die dag was £40 8s. 10d. — (Korr.).

## OFFISIERE VAN GEBIED F.





Genl. adv. J. F. Marais van Pretoria-Oos en hfgenl. K. J. H. Behrens van Rustenburg.

## Kommuniste Ingevoer

**Dat die regering besig is om Kommuniste is te voer onder sy immigrasieskema, blyk uit 'n berig in die Cape Times van 10 April. Daarin kom die volgende sin voor in verband met die verowering deur die kommunistiesgesinde groepe van die Vak- en Arbeidsraad:**

„Navrae by verskillende vakbonde in Kaapstad gister het aan die lig gebring dat oor die algemeen aanvaar word dat die Tipografiese Vakbond die minste Kommuniste onder sy lede tel, hoewel verklaar is dat sommige van die nuwe lede van oor see diep deur die Moskouse idees beïnvloed is."

## Immigrante Vir Myne

**Die eerste groep Britse mynwerkers vir die Unie-goudmyne het die afgelope week in Kaapstad aangekom. Hulle was 115 in getal en is deur die regering in Brittanje gewerf onder die dekmantel dat plaaslik nie genoeg jongmanne gevind kan word om in die myne te werk nie. Die doel van die werwing is egter voor die hand liggend.**

**In Natal word Suid-Afrikaners tans ontslaan uit die steenkoolmyne en word hul plekke deur immigrante gevat. Groot ontevredenheid heers in mynwerkerskringe in daardie provinsie.**

# KOK EN SY MAAT KRY STRY EN WÊRELD HOOR VAN SY SPEK

**In 'n poging om eie rooftogte in Duitsland te verskoon, beskuldig die Angel-Saksers en Russe mekaar tans oor en weer van plundering in Duitsland.**

**Die Russe het Amerika en Brittanje daarvan beskuldig dat hulle in Berlyn alleen 'n duisend ton koper en 'n duisend ton aluminium en 'n hele drukpers gesteel het. Die Franse is daarvan beskuldig dat hulle hul besettingsgebied kaal gestroop het van nywerheidstoerusting en dit na Frankryk geneem het. Die Russe het beloof om by 'n verdere geleentheid nog meer dinge openbaar te maak.**

**Op hul beurt het die Britte weer opgenoem wat die Russe alles gevat het. Gedurende Mei en Junie 1945 het die Russe 92 persent van die toerusting van vyf groot fabrieke geroof. Hulle het alleen 'n klomp stukkende masjinerie laat lê. Verder het hulle 40 persent van Berlyn se elektriese toerusting weggedra asook 52 outomatiese telefoonsentrales, 'n lang reeks drukmasjiene, houtwerkmasjinerie, ens.**

DIE O.B., WOENSDAG, 14 APRIL 1948

# HELP U BLAD!

**Tereg word uit verskillende plekke in berigte gepraat van die tweede asem wat die Ossewabrandwag besig is om te kry. Oral vandaan word gemeld van nuwe lewe en groei binne die Beweging.** Uit Gebied E, waar die hoofkwartier vier jaar lank nie in staat was om sy geldelike verpligtinge teenoor die sentrale kas na te kom nie, is berig dat hulle hierdie jaar reeds in Februarie hul volle bedrag in die sentrale kas gestort het. Meer as tweehonderd nuwe eenhede met ledetalle van minstens elf per eenheid, is sedert November verlede jaar in die lewe geroep in dié dele van die Gebied waar die organisasie tot niet gegaan het. **Uit die Vrystaat ontvang ons week na week berigte van nuwe geesdrif en nuwe lede. Onder die bekwame leiding van hfkomdt. Vale Ferreira is die een kommando na die ander op die been gebring of uitgebrei.** In bietjie meer as 'n maand is by 'n vyftig nuwe eenhede opgetel. Uit Parys is berig van sestig nuwe lede wat aangesluit het, terwyl Heilbron, waar die ywerige kommandant D. J. M. Cronje onkeerbeer losgebreek het, berig dat hul ledetal, na verwagting, binnekort sal verdriedubbel. **Die stroom nuwe intekenare op ons blad wat uit die Vrystaat daagliks aankom, is 'n tasbare bewys dat die berigte nie oordrewe is nie.**

Maar ook in Kaapland is daar 'n herlewing te bespeur, soos o.a. nog blyk uit die geesdriftige funksie van 'n pasgestigte kommando op Brackenfel, waarvan 'n berig verlede week verskyn het.

In hierdie omstandighede sal dit dus vir ons offisiere en Brandwagte soos 'n skok kom om nou te verneem dat die bestuur van Voorslag besluit het dat weens die groot styging is kostes daar voortaan solank toestande nie verbeter nie, elke tweede week 'n verkleinde uitgawe van Die O.B. moet verskyn ten einde binne die perke van ons geldelike vermoë te bly. Weens vyandigheid van meeste adverteerders is die een groot inkomstebron van 'n blad, naamlik advertensies, vir ons grootliks gesluit. Ons is dus afhanklik van ons intekenare om die blad te dra, en hoewel duisende O.B.-lede hul plig in hierdie verband getrou nagekom het, is daar nog baie duisende wat dit nie doen nie.

**WEER OORLOG**

**Daar is weer 'n oorlog op hande, en ons weet wat die gevolge vir ons Beweging was in baie dele van die land toe alle verbindings in duie gestort het met die inkorting van petrol. In daardie dae was ons blad die enigste band tussen Brandwagte, en waar ons baie lesers getel het, het ook die Beweging gefloreer ten spyte van alle teenstand of ontwrigting. Laat ons hierdie keer nie met ope oë aan die slaap gevang word nie. Laat elke offisier en Brandwag dit sy plig ag om soveel intekenare as moontlik te werf, sodat ons selfs ons blad nog verder kan vergroot.**

Adverteerders wat ons ondersteun erken reeds die waarde van Die O.B. as advertensiemedium en indien ons ons getalle nog verder kan opstoot sal ons so 'n onweerstaanbare lokaas word dat ook onwilliges oorreed sal word om by ons te adverteer, en sal so ook hierdie kanaal opgesteek kan word.

In hierdie verband kan lesers ook nog verder help deur aan adverteerders in ons blad die feit te noem dat hulle die advertensies in die blad gesien het, en by diegene wat nie adverteer nie aan te dring om dit wel te doen. Laat elke O.B. sy plig teenoor sy blad besef, en ons sal binnekort in staat wees om Die O.B. tot groter hoogtes op te bou.

Met die herlewing van ons organisasie het ook die tyd aangebreek dat ons die O.B.-gedagte, waarin ons die redding van ons volk sien, kragtiger as ooit tevore na buite moet uitdra. Daartoe is ons blad die belangrikste middel. Maak hom sterk, en maak hom groot!


## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van........................................

vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..............................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ......................................................

..............................................................

..............................................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 10/- per jaar of 5/- per halfjaar.

*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*


***Republikanisme (3)***

# „GEE KOLONIES VRYHEID OM HULLE TE BEHOU"

**Dieselfde beweegredes wat deur Britse staatsmanne soos Baldwin en Churchill aangevoer is vir die verlening van „groter vryheid" aan Indië „ten einde Indië vir altyd vir die Britse Ryk te red", is waarskynlik ook in meer geslote kringe voorgedra toe die „gewaagde" proefneming met Suid-Afrika indertyd bespreek is.**

Genl. Smuts het reeds by verskillende geleenthede verklaar dat die skenking van selfbestuur aan die gewese Republieke 'n oorweldigende ommekeer in sy houding teenoor Brittanje teweeggebring het. Maar nie net genl. Smuts nie, ook ander politieke leiers het telkemale na die „grootmoedigheid" van Brittanje verwys. Selfs die huidige opposisieleier het in 1927 die volgende stelling gemaak: „Die vryheid wat ons vandag besit is groter as die vryheid wat die gewese Republieke van die Vrystaat en Transvaal besit het . . . . . . Hollandssprekende Suid-Afrika, wat tevore nie in die Britse Vryheid geglo het nie, glo vandag daarin as 'n werklikheid." (Die Volksblad, 7 Okt. 1927). Daar is ook van Engeland gepraat as „die moeder van ons vryheid" — **alles aanduidings van hoe diep die verset van 'n volk gekoop word met 'n skynbare daad van toegeeflikheid, en wanneer daardie verset prysgegee is, is die voormalige kolonie „vir altyd vir die Britse Ryk gered". Al wat nodig is, is om die bestuur van die land in die „regte hande" te laat kom. Daarteen was Churchill se beswaar toe hy gesê het dat hulle die regering in Indië plaas in die hande van manne wat rede het om Brittanje te haat.**

**VYANDSKAP TEEN O.B.**

En dit is ongetwyfeld ook om hierdie rede dat die vyandskap van die hele parlement van Sy Majesteit so fel is teen die O.B. en sy leier dr. Hans van Rensburg. **Die bestuur moet in die hande gehou word van diegene wat erkentlikheid sal betuig vir die „grootmoedigheid" van moeder Brittanje, anders kan die „groter vryheid," daardie reg naamlik om weg te breek van die kroon, dalk gebruik word.**

Maar, soos verlede keer ook verklaar, slaag die Britse imperialiste met hul resep van groter vryheid so deeglik in die ontneming van die verowerde volke se verset, dat verowerde leiers uiteindelik selfs voorsprake vir die Britse imperialisme word.

**VOORSPRAAK**

Toe daar in Mei 1946 in Brittanje tougetrek is oor die kwessie van terugtrekking van Britse troepe uit Egipte, het genl. Smuts die beswaardes gerusgestel deur te verwys na Suid-Afrika as voorbeeld: „Veldm. Smuts het na Suid-Afrika verwys en gesê dat die bande tussen Brittanje en die Unie nie verslap het as gevolg van die terugtrekking van Britse troepe uit die land nie. **Hulle is inteendeel versterk**", aldus 'n koerantberig op 7 Mei 1946.

En in Desember 1943 het genl. Smuts in 'n toespraak voor Britse parlementslede gepleit vir groter stewigheid van die Britse Ryk **deur veral groter vryheid aan die kolonies te skenk. Hier praat genl. Smuts dus al self die taal waarmee die Britse imperialis hom gehipnotiseer het.**

**STERKER AS STAAL**

Genl. Smuts het by dié geleentheid daarop gewys dat die Britse regering 'n tweeslagtige beleid ten opsigte van die Empire volg. In die statebond, so het hy betoog, word die beginsel van desentralisasie tot sy uiterste toegepas, sodat die dominiums soewereine state geword het. **„Die lede van hierdie groep handhaaf onbreekbare geestelike bande wat sterker is as staal."**

Maar, so gaan genl. Smuts verder, in die kolonies is daar geen sodanige afstand van gesag nie, dog word hulle regstreeks vanuit Londen bestuur, met gevaarlike gevolge vir die Ryk:

**„Is hierdie tweeslagtigheid veilig? Moet ons nie baie ernstige aandag aan hierdie toestand binne ons stelsel skenk nie?"**

En nadat hy tot driemaal toe om verskoning gevra het vir die les wat hy die Britse imperialiste gaan leer — asof hy dit nie juis by hulle geleer het en die lewende resultaat van hul proefneming is nie! — verklaar genl. Smuts dat die koloniale volke erg ontevrede is. **„Jul eie Britse volk buitekant hierdie eiland wat in die kroonkolonies woon is baie krities en weerbarstig onder hierdie stelsel wat in Londen gesentraliseer is."** En dan stel hy voor dat aan die koloniale besittings groter selfbestuur gegee moet word: „Waar dit onveilig of onverstandig sal wees om groot gesag aan 'n aantal klein eenhede te verleen, **kan dit veilig en verstandig en die regte rigting wees om aan groter eenhede en groepe onder 'n beter reëling groter gesag te verleen en die administratiewe mag te desentraliseer."**

**MAK OLIFANT**

Hier speel genl. Smuts dus al klaar die rol van die mak olifant wat sy wilde makkers na dieselfde kraal lei waarin hy gevang was. En so in sy nopies is die imperialis Churchill met hierdie handlangerwerk dat hy die Arbeidersregering die volgende verwyt toevoeg in verband met die Indiese vryheid:

„Dit is verbasend dat geen doeltreffende antwoord deur die regering gegee word nie, maar dat dit oorgelaat word aan veldmaarskalk Smuts, die groot Suid-Afrikaner, en ons voormalige dapper vyand van die Boere-oorlog, om sy stem te verhef in verdediging van Britse grootmoedigheid, verdraagsaamheid en geloof."

**So geslaagd was die Britse taktiek van „groter vryheid" ten einde die kolonies „vir altyd vir die Britse Ryk te red", dat een van die slagoffers dus al meer bekommerd is oor die handhawing van die Britse Ryk as die huidige Britse bewind self, en dat selfs leiers van die Afrikaanse opposisie Britse „grootmoedigheid" en Britse „vryheid" geloof het as aanneemliker dan republikeinse vryheid.**

**EENVOUDIG**

Hierdie beleid van groter vryheid berus op die eenvoudige beginsel, sielkundig en andersins, **dat 'n mens jou ewewig verloor wanneer jy hard druk teen iets wat maklik padgee.** Dit word beweer dat 'n mens baie maklik 'n breuk kan opdoen wanneer jy 'n voorwerp wat baie swaar voorkom, maar in werklikheid lig is, met alle mag probeer optel. In dieselfde sin het die slagoffers van Britse imperialisme 'n geestelike breuk opgedoen toe hulle sekere dinge aangebied is wat hulle gemeen het jare van stryd sal kos om te verkry. Aan so 'n breuk ly o.a. genl. Smuts en diegene wat saam met hom Britse grootmoedigheid besing.

(Word vervolg)

## Adler-Motor Verdwyn?

Die bekende Duitse Adler motor sal waarskynlik nou ook van die mark verdwyn en die patent onder 'n nuwe naam — moontlik 'n Britse — op die mark gebring word.

Volgens uit Nederland berig word, word die Adler fabriek by Frankfurt-am-Main ook nou afgetakel. Frankfurt is in die Britse besettingsgebied geleë.

## Springkane

Bruinsprinkane is besig om 'n groot deel van die Unie te bedreig, volgens 'n verklaring van die Landboudepartement. Tien distrikte is reeds ernstig aangetas terwyl 15 ander moeilikheid ondervind. Verdere uitbreking van die plaag word nog verwag. Die sprinkane teister tans hoofsaaklik die Noordweste en Suidwes-Afrika.

## Vakbonde Ontevrede

Groot ontevredenheid oor die baasskap van die kommunistiese vleuel in die Vak- en Arbeidsraad heers in vakbondkringe en die aanduidings is dat sommige sterk vakbonde hulle aan die Raad gaan onttrek. Volgens die sekretaris van die Durbanse tak van die raad, mnr. J. C. Bolton, sal ongeveer 50,000 lede van die 170,000 afstig. In die verband word verwys na die Tipografiese en Mynwerkersbonde wat afstigting oorweeg.

**Volgens mnr. Bolton is minstens 20 van die 37 lede van die raad erkende lede van die Kommunistiese Party.**

## Unie Koop Baie In V.S.A.

Verlede jaar het die Unie goedere ter waarde van £104,500,000 vanuit die V.S.A. ingevoer. 'n Groot gedeelte hiervan het bestaan uit motors en motoronderdele. Plaasmasjinerie en petrol is 'n ander groot item op hierdie rekening.

# Moet Huigelary Nek Inslaan

**Onderstaande brief is aan ons gerig deur 'n vooraanstaande Afrikaner in Kaapstad wat, terwille van sy posisie, nie sy naam bo die brief kan laat verskyn nie. Ons plaas dit enigsins verkort:**

Dit help nou eenmaal nie om so aan te gaan nie. Vir jare al soek die O.B. samewerking met die H.N.P. net om telkens beledig te word — nie slegs met weiering nie, maar met ignorasie. Nou dat daar weer 'n verkiesing op hande is, word die ou storie weer uit die skoot gehaal en word vertel: „As jy wegbly van die stembus, dan steun jy genl. Smuts," „Dis nou nie 'n stryd tussen die O.B. en H.N.P. nie, maar teen Smuts," of „Dis die laaste kans wat die Afrikanerdom het; dis die plig van elke O.B. om vir die H.N.P. te stem."

As u my vra, dan is dit eerder **nou** die tyd om die **huigelary** van hierdie uitgediende valsiteite die nek in te slaan. Hulle wat hierdie argumente gebruik, is nou verleë oor die O.B.-stemme, nie ná die verkiesing nie. **Dit is nou die tyd vir die H.N.P. om sy stryd met die O.B. te staak; net 'n paar weke bly oor.** As dit die laaste kans is wat die Afrikanervolk het (ek glo dis die laaste kans wat die H.N.P. het) dan is dit die **uitsluitlike plig** van die organisasie wat namens die Afrikanerdom die eleksies voer, om alle struikelblokke uit die pad te verwyder wat republikeinse Afrikaners verhinder om te stem vir diegene wat hulle sedert 1941 al uitkryt vir alles wat sleg is, en hulle slegs ken wanneer dit verkiesingstyd is, en hulle dan slegs vergun om 'n kruisie agter hul naam te maak om na die verkiesing net weer verwyt te word dat hulle (die O.B.'s) verantwoordelik is vir die verlies van hierdie of daardie setel! Nee, meneer, ek het genoeg gehad van die soort ding. Ek kan ook nie meer sluk nie!

### BRAKPAN

Dr. Malan moenie hierdie keer vir my kom sê ek stem vir Smuts as ek besluit om van die kruisiesbus af weg te bly nie. Daar in Brakpan weier hy om sy H.N.P.'s na die stembus te stuur omdat die gewenste kandidaat, die enigste een wat die setel kan verower en 'n man wat deur die plaaslike H.N.P. versoek is om te staan, toevallig ook lid van die O.B. is. **Daar steun hy Smuts ten spyte van die feit dat dit die laaste kans van die Afrikanerdom is! Huigelary, waar is jou gelyke?**

Ja, dis nou nie die tyd vir stryd tussen die H.N.P. en O.B. nie, maar toe die O.B. die ander dag 'n betaalde advertensie in Die Burger — waarvan dr. Malan 'n direkteur is — wou plaas om die viering van Amajubadag bekend te maak, word die advertensie geweier. Verbeel jou, 'n paar dae voor die „allerbelangrikste" verkiesing wat die Afrikanerdom ooit gehad het!

Nee meneer, as dr. Malan en sy indoenas so min verantwoordelikheidsgevoel het vir die behoud van die Afrikanerdom dat hy nie eens een ou O.B.-tjie in die parlement wil duld nie, dan verloor ek nou my verantwoordelikheidsgevoel teenoor, nie die Afrikanerdom nie, maar die H.N.P. Laat hom dan maar ondergaan, sodat die Afrikanerdom dan deur 'n nuwe leier gered kan word.

Die haatdraendheid en skeursiekheid van dr. Malan en sy trawante is mynsinsiens 'n groter gevaar vir ons volk as die dinge waarteen hulle kamstig veg.

### BEROEP

Voorheen was dit die O.B. wat hom laat oorreed het om na die stembus te gaan omdat hy nie Smuts wou ondersteun nie. **Tans is dit dr. Malan wat Smuts ondersteun teen die O.B.** Daarom doen ek 'n beroep op die O.B.-leiding om nie langer met die O.B. te laat mors nie. Ons weet tog dat die O.B. ná die verkiesing weer so behandel sal word soos na die vorige verkiesing. Pas dan nou 'n ander middel toe om wysheid — as dit moontlik is — in te moker by die verbrokkelaars. Net een middel kan dit doen, en dit is weiering om vir hul kandidate te stem, wat dan in massa na dr. Malan sal gaan om te eis dat hierdie onsmaaklike stryd gestaak word.

Ek wil ook 'n beroep doen op O.B.-lede om te help om hierdie stryd tussen Afrikaners te beëindig — nie deur voortdurend toe te gee en sodoende water op dr. Malan se verdelingsmeule te gooi nie, maar deur hierdie keer vir eens en vir goed aan hom te toon dat dit hom en sy party nie betaal om teen die Ossewabrandwag in ewigdurende vyandskap te bly nie.

# Dr. Malan Se Offer en O.B.

**Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:**

In Die O.B. van 31 Maart het die oproep om samewerking deur mnr. Havenga, my dadelik getref. Hy sê o.a.: „Ek wil vertrou dat waar beide dr. Malan en ek offers vra, hulle gebring sal word met blymoedigheid. Ons veg vir billike verhoudings tussen alle seksies van die bevolking, ons veg vir blanke eenheid."

Die oproep laat ons weer opnuut besef dat geen persoonlike belange opweeg en geen offer te hoog geskat mag word as jy vir **volksbelange** veg nie. Ek kan waarlik nie twyfel dat elkeen van ons gehoor sal gee nie, want het die Afrikaner ooit al teruggedeins om sy pligte na te kom, afgesien van die offers wat gevra is? Wat help dit ons om die wêreld te wen en jou siel skade te ly?

Ons raak ook tot die gevolgtrekking dat dit nie 'n maklike taak is om 'n leier van 'n volk te wees nie, want dit bring groot verantwoordelikheid mee wat duur offers verg. Ons dink aan Moses wat selfs sy Kanaan moes prysgee terwille van sy volk. Die priesters moes vooraan uittrek met die Ark en eerste die waters van die Jordaan betree en toe terugwyk tussen die volk en die vyand terwille van die veiligheid van hulle volk. So volg ons die geskiedenis en ons sien dat elke leier vooraan uittrek, ook ons Afrikaner leiers het deur hulle opofferende dade die volk gedwing om blymoedig te volg.

U veg vir **blanke eenheid,** sluit dit die Ossewabrandwag ook in, dr. Malan? U handelwyse sal ons wys hoe ernstig die volgende verkiesing vir ons volk is, want die oë van u volgelinge is op u gerig. Alleen 'n leier wat self gewillig is om dure offers te bring, kan aanspraak maak op enige offer van sy volk. Hoeveel het u vir u volk opgeoffer?

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# SKAKELS

**Hfkomdt. H. J. Steyn, Vasco, skryf:**

Die £1000-beloning vir die skakelbewys sal niemand kan opeis nie, want die stories is deur die H.N.P.-leiding versprei. Dit is ook die erkenning van een van die L.V.'s van die H.N.P. persoonlik aan my. Ek herinner my dat twee H.N.P.-L.V.'s my aangeval het in 'n trein — dit was Februarie twee jaar gelede — waarby onder andere 'n Sap-L.P.R. teenwoordig was. Die L.V.'s beskuldig my toe van te skakel met genl. Smuts en die Sap-lid, maar nie een kon bewys hoe daardie skakeling werk nie, daar staatsamptenare tog verbied is om aan die O.B. te behoort. Verder was daar ook dr. Malan se beskuldiging dat die O.B. met Hitler skakel. Tot vermaak van die passasiers wat die gesprek gevolg het, sê een L.V.: „Jy moet oppas die Sap-lid sal netnou uitvind jy is 'n staatsamptenaar," — wat ek toe inderdaad was! 'n Paar weke later ontmoet ek toe weer die H.N.P.-L.V. Toe ek hom die koerantberig wys oor genl. Smuts se weiering om gewere terug te gee „omdat daar 'n Kommandantgeneraal is wat met 60,000 lede spog", en ook die woorde van Morris Kentridge, L.V., wat dreig om te bedank indien die O.B. nie in die baan gedoen word nie, was dieselfde L.V. se woorde aan my: „Praat tog nou nie meer van skakel met Smuts nie, man, ons het dit verkondig om die O.B. in onguns by die publiek te bring."

Hieruit kan ons aflei hoe eerlik die politici is met hul volk. Kan ons seën verwag as sulke skinderbekke ons moet regeer? Met Stallard kan dr. Malan saamwerk en daardeur sy volk weer aan Engeland koppel, maar vir die republikanisme van die Ossewabrandwag is die H.N.P.-leier bang, daarom kan hulle nie toelaat dat adv. Vorster en mnr. Bootha die parlement moet sien nie. Waarlik, die partypolitiek is 'n pes wat in die donker wandel.


Enige hoeveelheid dag-oud kuikens dadelik verkrygbaar. Australorps £7, Leghorns en Kruis teen £6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens.

Kuikens word gebroei van henne wat uitgesoek is deur eienaar wat alreeds twintig jaar ondervinding en 'n groot sukses van hoenderboerdery gemaak het. — **H. R. MALAN,** „Weltevrede Pluimveeplaas," P.K. Kerstfontein, **PAARL.** Foon 6203. 14/4/TK

**1947 FORD V8 DE LUXE,** 8,600 myl gedoen. In 'n perfekte toestand. Prys £500, of naaste aanbod; geld nodig vir ander doeleindes. — **Eerw W. P. van der Merwe,** N.G. Sendingpastorie, BARKLY-OOS. 14/1/1B

**SES OPREGGETEELDE BERKSHIRE-SOGGIES,** 2 maande oud, £3/5/- elk, of £3 elk om die lot te neem. — **H. A. DE WET,** Bus 8, **CALEDON.** 14/4/2

### GEBOORTE

**PUREN.** — Aan Gawie en Hester (gebore Scholtz) 'n fris seun op 19 Maart. Naas die Heer ons dank aan Suster en dokter. 14/4/1

### BETREKKING GEVRA

**'N GEKWALIFISEERDE RADIOTRISIEN** soek betrekking. Het 10 jaar ondervinding van herstelwerk aan Radiotoestelle en elektriese apparate. Skryf aan **G. J. ROUSSEAU,** Truterstraat, **ROBERTSON.** 14/4/1B

### BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK**

**LUSERNSAAD.** — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoornstasie. K.M.B. — **D. S. DU TOIT,** P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

**ERTE. — Goewerments-gesertifiseerd.** Greenfeast goed skoongemaak £6/10/- per sak. Ongesertifiseerd £5 per sak, 200 lbs., V.O.S. Oudtshoorn. — **KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.** 7/4/8

**GROENTESAAD. — Goewerments-gesertifiseerd.**. Detroit en Egiptiese Plat 5/- per lb. Chantenay-Wortel 7/6 per lb. Posvry. Skryf: **KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.** 7/4/8

**ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES, Ens.** vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

**UIESAAD. — Vars en Goewerments-gesertifiseerd.**. „Copper King" 6/- per lb. Vroeë Kaapse Plat 7/6 per lb. Silver King 8/- per lb. — **KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.** 7/4/TK

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

Uniale Kongres
van die
**AFRIKAANSE HANDELSINSTITUUT**
gehou te word in die
**ODDFELLOWS-SAAL**
**Pleinstraat 86 - Kaapstad**
***op 19, 20 en 21 deser***

OPENING DEUR
**die Edelagbare J. W. Mushet**
(Minister van Ekonomiese Ontwikkeling)
**op 19 deser om 7.30 n.m.**

Lede van die Handelsinstituut, geaffilieerde Sakekamers en belangstellende sakemanne is hartlik welkom.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK**

**SOUT** om te lewer uit voorraad op aanvraag van pryse.— S. J. DE BEER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 24/3/TK

### TE KOOP

Die plaas „MARA", groot 1,117 morge, geleë omstreeks 20 myl van Burgersdorp, net oor Steynsburggrens. Uitstekende veeveld — soetgras, ganna en enige karroo. Mooi vleie. Bekend as een van die beste Merinoplase in Burgersdorp se distrik. Baie moontlikhede. Hoë drakrag. Groot deel word besproei. Eienaar verkoop alleenlik om gesondheidsredes. Verdere besondere van FRANK ROUSSEAU EN KIE., Posbus 7, Foon 9, Steynsburg, K.P. 14/4/2

### TE KOOP AANGEBIED

**DRINK- EN KOSBAKKE VIR PLUIMVEE. — Goeie Nuus, Brandwagte!** Vir lewenslange gebruik. Maklik skoongemaak. Drink- en kosbakke vir hoenders, varke en honde. Gemaak van bus- en trok-gomlastiekbande. Ekstra groot 12/6, groot 10/-. Soutlek, stoepblomplante en vroeë groentesaadplantjies, 7/6. Spoorvrag gering. — D. C. VAN DER WALT, Possak X54, BLOEMFONTEIN. 24/3/4B



OEFENING VIR U POSTUUR

*Maar vir persoonlike frisheid*

*en betowerende welriekendheid*


*is die antwoord*

**K W V**

***-reukwater***
EN
***-laventel***

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

*Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders:*
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.
2-48



**£14 miljoen**

**... ONS JAARLIKSE MIELIE-OPBRENGS**


Die mielie is Suid-Afrika se vernaamste graangewas. Die opbrengs oorskry in waarde die van al die ander graangewasse tesame. Van minder as 40,000 ton in 1904 het die produksie gestyg tot byna 3,000,000 ton in 1939. Die jaarlikse oes word tans op £14,000,000 beraam.

Goed verteenwoordig in die vernaamste mielieproduserende gebiede, lewer VOLKSKAS bankdienste ook aan 'n groot gedeelte van ons land se mielieboere.

Hierdie bankdiens sluit o.m. in lopende tjekrekenings en spaar- en beleggingsfasiliteite. Die Bank hanteer ook oorsese (devise) transaksies regstreeks deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste lande van die wêreld.

*Navrae word verwelkom.*

HOOFKANTOOR: PRETORIA
LONDEN AGENTE: Lloyds Bank Limited
NEW YORK AGENTE: Chemical Bank and Trust Co.



VOLKSKAS BEPERK
ARBEIDSAAMHEID
BANKIERS
(Geregistreerde Handelsbank)

# SAL ITALIË ROME KIES OF MOSKOU?

*Binne enkele dae sal Italië kies of hy deur Moskou of die Vatikaanstad geregeer wil word en hierdie beslissing — vir die Weste of teen die Ooste — sal in alle waarskynlikheid 'n groot invloed uitoefen op die toekoms van die wêreldvrede omdat 'n beslissing ten gunste van Moskou die kiem van 'n nuwe oorlog in hom dra. Vir die Westerse beskawing het hierdie verkiesing wat op Sondag, 18 April, plaasvind, 'n verreikende betekenis.*

Die vraagstuk is egter nie so eenvoudig nie. Die vraag is of enige groep in Italië sonder om van geweld en uiterste gesag gebruik te maak, in staat sal wees om die land te regeer omdat die neiging in Italië al sterker anargisties word en beweeg in die rigting van ontbinding.

Rusland sowel as die Verenigde State het reeds vierkantig voet aan wal gesit in die Italiaanse verkiesingstryd. Laasgenoemde het tot dusver die hoogste kaart getroef: die teruggawe van Triest aan Italië, 'n saak wat baie na aan die hart van die Italianers lê. Die Amerikaanse inligtingsdiens het oor inligting beskik dat Rusland ook van voorneme was om hierdie voorstel aan Italië te doen en Rusland dus voorgespring is.

Indien Rusland daarin geslaag het om hierdie troef voor die neus van Amerika weg te ruk, sou dit seker nie sonder betekenis vir die verkiesingstryd van die Kommuniste gewees het nie. Die Amerikaanse voorstel het reeds sy vrugte in Italië afgewerp. Verder het hy ook belowe om hom te beywer vir die teruggawe van die Italiaanse kolonies in Afrika. 'n Soortgelyke reaksie het egter reeds ook van die kant van Rusland gekom.

KOP AAN KOP

Die Christelike Demokrate en aanverwante groepe wat hulle agter die huidige eerste minister, De Gasperi, skaar, is nie so seker of hulle in staat sal wees om 'n regering saam te stel wat sal kan staande bly nie. Algemeen word verwag dat indien De Gasperi die meerderheid behaal, hy met een of ander mindere groep 'n koalisie sal moet aangaan.

**Westerse waarnemers meen dat die Kommuniste tussen 37 en 45 persent van die stemme in Italië op hulle sal verenig en 'n klein bietjie meer stemme aan hulle kant, sal 'n groot verandering in die politieke situasie teweegbring.** Na gemeen word sal De Gasperi verplig wees om met die Kommuniste 'n koalisie aan te gaan as hulle meer as 40 persent van die stemme kry. 'n Koalisie met die Kommuniste sal beteken dat die regse groepe wat De Gasperi volg, dadelik in opstand teen die besluit sal kom, en as hy probeer om die Kommuniste uit die regering te hou, sal laasgenoemde sonder twyfel met 'n georganiseerde wapengeweld begin. **Koalisie met die Kommuniste mag ook dieselfde resultaat hê as wat onlangs in Tsjeggo-Slowakye gebeur het.**

KRISIS

Die eintlike Italiaanse krisis sal na verwagting net na 18 April kom, wanneer die verkiesing plaasvind, of vroeg in Mei wanneer die nuwe regering die bewind sal aanvaar. Vir die buitewêreld is dit duidelik dat Italië aanstaande week een van die gevaarlikste en beslissendste fases in sy geskiedenis binnetree.

## Gevaar Ook Vir Afrika

**Die feit dat Rusland sedert die afgelope maande pleit dat die Italiaanse kolonies in Afrika teruggegee moet word, hou onberekenbare gevaar in as die Kommuniste in Rome aan bewind kom. Vir Afrika en vir die Britse en Amerikaanse belange in hierdie kontinent, sal dit 'n regstreekse bedreiging wees, aangesien Rusland dan 'n handige vastrapplek in Afrika sal kry om sy evangelie onder die swart rasse van Afrika te versprei. In Abessinië het hy reeds 'n sterk gesantskap wat hul werk deeglik doen.**

# GROOT GEESDRIF VIR LAERTREK OP WORCESTER

**„Alle koppe hierlangs staan Worcester-toe," was die geesdriftige uitlating van iemand op Stellenbosch toe hy die redaksie van die O.B. in kennis gestel het van die blydskap waarmee die aankondiging ontvang is dat op 24 April 'n groot laertrek gehou word vir Gebied A. By hierdie geleentheid sal die O.B. se houding in verband met die verkiesing bespreek word nou dat dr. Malan ten duidelikste getoon het dat hy die Ossewabrandwag of selfs individuele lede van die organisasie geen aandeel in die parlementêre stryd wil gee nie.**

Ook uit ander dele van die Gebied is berigte van groot geesdrif vir die laertrek ontvang. Die mense begeer definitiewe leiding en hulle verwag dat dit op Worcester aan hulle gegee sal word, is verklaar.

Stellenbosch se generaalsraad vergader môre om reëlings te tref vir bywoning van die vergadering, terwyl genl. Marsh ook hierdie week nog sy offisiere byeen roep. Hy verklaar dat daar groot geesdrif in die Paarl gaande is. Hoofgenl. Max Smuts verklaar dat Franschhoek nog druk besig is met die Hugenotemonument-onthulling, maar dat hulle in groot getalle gaan optrek. Ook op Malmesbury word voorbereidsels getref onder leiding van genl. Moorrees van Aarde, terwyl genl. J. de Vos ook druk besig is met reëlings vir die Skiereiland.

Volgens die opdrag van die Gebiedsleier, dr. F. D. du Toit van Zyl, word van alle Brandwagte binne bereik verwag om teenwoordig te wees, terwyl afgeleë plekke versoek is om ten minste 'n goedverteenwoordigende afvaardiging te stuur. Na Die O.B. verneem, sal ruime geleentheid aan offisiere en Brandwagte verleen word om hul standpunt te stel, sodat die besluit wat geneem gaan word so verteenwoordigend as moontlik sal wees.

Die laertrek word gehou op die tentoonstellingsterrein, en begin om 10-uur Saterdagmôre, 24 April. Laergangers moet so ver moontlik probeer om self losies te reël, of tente en kos saam te bring, hoewel die hoofkwartier sal probeer help waar nodig. Tente sal opgeslaan en 'n kombuis ingerig word as 'n aanvullende maatreël.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Russe Kry Hul Sin In Finland

Rusland en Finland het verlede week 'n tienjaar-verdrag vir onderlinge hulpverlening onderteken. Stalin was by die ondertekening aanwesig. Indien Finland aan agressie blootgestel word, of Rusland oor Finland aan agressie blootgestel word, moet Finland hom met alle mag daarteen verset, indien nodig met Russiese hulp.

Die verdrag met Rusland is feitlik op Finland afgedwing en hy het geen keuse gehad nie. Hierdeur het Rusland verseker dat hy Finland binne Russiese invloedsfeer betrek hou.

## DOOD AAN VERLAMMING

Die kinderverlamming-epidemie in Transvaal het ook die huis van brandwagte, mnr. en mev. H. J. Swanepoel, van Alberton besoek. Hul dogtertjie is Saterdag, 27 Maart in die Germistonse Hospitaal oorlede. Die O.B. wil langs hierdie weg innige simpatie met hul swaar verlies uitspreek. — (Korr.).

# OOK ALBERTON REORGANISEER

**Die nuwe organisasievorm van die O.B. waardeur Brandwagte direk met die hoofkwartiere skakel, het reeds vorm aangeneem in Alberton en offisiere is benoem om die Brandwagte wat om een of ander rede los geraak het van die organisasie, weer in te skakel, na ons korrespondent berig.**



**Waggenl. J. H. Richter**

Ten huise van mev. H. F. van Schalkwyk is onlangs 'n geslaagde vergadering gehou wat deur genl. Barry Grobler, Stafhoof van Gebied E en genl. Hein Richter toegespreek is. Die groot vertrek was gevul en die aanwesiges was vol belangstelling.

Genl. Grobler het die nuwe organisasie verduidelik. Baie Brandwagte het deurdat hulle van die een eenheid na die ander vertrek het alle kontak met die offisiere verloor. Om hierdie rede het die K.G. opdrag gegee dat die nuwe organisasie in werking gestel moet word. Genl. Grobler het verklaar dat dit nie net aan die Rand nie maar ook elders op die platteland suksesvol werk.

**Volgens hierdie organisasie bereik inligting en bevele elke lid persoonlik deurdat nie net die hoofde van die eenhede se name en adres in die lêers van die Gebiedskantore is nie, maar ook die naam van elke lid.**

Mnr. Jacob du Plessis, mev. H. F. van der Merwe en mev. G. Pelser is aangestel as leiers.

Genl. Hein Reichter, waggeneraal van die Gebied, het die politieke situasie behandel. Dit is deur al die aanwesiges belangstellend aangehoor.

## O.B's. Byeen Op Brandvlei

Weens die bitter droogte wat die Noordweste geteister het, kon die Brandwagte van Brandvlei (A20bl en A20b6) nie verlede jaar 'n 8 Augustus-funksie hou nie. Niks kon egter verhoed dat ons op 27 Februarie op die plaas Kareekolk, van veldk. A. J. Burger byeengekom het nie. Daar was 'n mooi klompie mense byeen en 'n aangename dag is deurgebring met jukskeispeel, vleis- en worsbraai.

Gedurende die middag het genl. S. Nel 'n besielende toespraak gelewer.

Weens die weersomstandighede moes die funksie die middag afgesluit word. Die vuur het egter presies om nege-uur opgevlam. — (Korr).

## Hoe Lewenskoste Styg

Nieteenstaande die amptelike lewenskostesyfer volgens die opgawes van die regering slegs maandeliks met een of twee kerfies in die hoogte klim, ondervind tientalle Kapenaars vandag dat hul lewenskoste sommer oornag met meer as tien persent vermeerder het, aangesien verskeie losieshuise verlof ontvang het om hul fooie te verhoog.

Goedkoop Losieshuise wat aan die begin van 1946 £8-10-0 per maand gevra het, se losies is tans £10 en meer.

## Hugenote-Monument

**Die Hugenotemonument by Franschhoek word Saterdag, 17 April, onthul. Dit sal dan presies 260 jaar gelede wees dat die eerste Franse vlugtelinge in Suid-Afrika aangekom het. Die monument is 'n versinnebeelding van die strewe en vryheid van die Franse vlugtelinge.**

## Kommunisme In Springbok-Legion

**„Is die Springbok Legion kommunisties in sy karakter, in sy besieling en doelstelling, of is hy dit nie? En gesien uit die standpunt van die gevaarlike internasionale toestand, onderskryf en verbind die Springbok Legion homself aan die beginsel van Suid-Afrika eerste, die Britse Gemenebes eerste en die behoud van die Westerse beskawing?"**

Bostaande is die vrae wat mnr. S. E. D. Brown, sekretaris van die Sons of S.A., aan mnr. A. J. Storm, organiseerder van die Springbok Legion, deur middel van die Cape Argus stel, na aanleiding van laasgenoemde se poging om 'n vae en binnesmondse verweer te lewer vir die organisasie se goeie trou.

Op hierdie vrae, so verklaar mnr. Brown, het die Organiseerder in gebreke gebly om duidelike en ondubbelsinnige antwoorde te gee. **„Dit is sekerlik vrae waarop baie eenvoudig en reguit geantwoord kan word — en sekerlik behoort beantwoord te word as gevolg van die bewerings in die volksraad dat daar Kommunisme binne die Springbok Legion is."**

Die Legion het tot dusver nog geen poging aangewend om die aantyging van Kommunisme te verwerp nie, aldus mnr. Brown in sy brief in die Cape Argus.

# MNR. HAVENGA GEE BRAKPAN PRYS

**Mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, het afgesien van Brakpan as 'n setel vir die A.P., luidens 'n mededeling van mnr. Harm Oost, voorsitter van die A.P.-hoofbestuur, aan Die Vaderland.**

**Volgens die blad het mnr. Havenga en dr. Malan verlede week tot die nuwe ooreenkoms geraak dat nie een van die twee partye 'n kandidaat in Brakpan sal stel nie. Dr. Malan het per vliegtuig na Transvaal gereis ten einde samesprekings met mnr. Havenga oor die Brakpanse moeilikheid te hou, wat ontstaan het oor die kandidatuur van adv. John Vorster.**

**Die toestand is nou so dat 'n nasionaalgesinde kandidaat wat hom verkiesbaar gaan stel, die steun van sowel die A.P. as die H.N.P. sal kry, aldus mnr. Oost.**